# Tafnuus: Januarie 2025

## Beste Tafelberg-Fotografieklub

Wonderlike 2025 word aan elkeen toegewens. Ek hoop julle is geinspireer en gereed om die besondere oomblikke en geleenthede wat wag, vas te vang met jul kameras en te geniet!

Dankie dat ons die jaar op so ‘n gesellige noot kon begin - beste bywoning in ‘n lang tyd van beide ons insiggewende kompetisie aand en heerlike Kalkbaai uitstappie. Waardeer die entoesiasme waarmee elkeeen deelneem en as span saamwerk om die bal aan die rol te hou, baie dankie.

Welkom aan ons nuwe lede, hoop julle vind vinnig uit dat ons klub vir jul ‘n tuiste is.

Een van my doelwitte is dat ons as span saamwerk en dat elkeen beleef dat hul kan floreer en groei as mense en fotograwe. Dis belangrik dat ons vorentoe kyk en van die onnodige bagasie agterlaat as ons as klub nuwe hoogtes wil bereik.

Kom ons maak saam 2025 ‘n besondere jaar!

## 1. WEN-FOTO’S VAN JANUARIE 2025- KATEGORIE – GEDRUKTE FOTOS (Prints):

## KLEUR EN MONO

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Love is – Adriaan van Zyl<br>Wenner: Gedruk- Kleur** | **Windy: Mike Barkhuysen<br>2de Gedruk- Kleur** |

| | |
|---|---|
|  | I  |
| **Lugtige Luiperd: Karen van Zyl**<br>**Wenner: Gedrukte -Mono** | **In Thought: Marina Visser**<br>**2de Gedrukte Mono** |
|  | |
| **Embracing Waves : André Uys**<br>**Junior Wenner** | |

## Baie geluk aan die Maand kategorie wenners!!!!

Phillip de lange het goed deurdagte raad gegee vir salon aanvaardings en breedvoerig kommentaar gelewer oor gedrukte werk. Baie dankie!

## 2. KLUB PRESTASIE:

2.1 **Uitslae van PSSA Salonne (vir 2024-2025 Impala jaar):**

- Die syfers aan die einde van kolom is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. Dankie aan elkeen wie ingeskryf het. **Baie geluk aan die onderstaande TAFklub lede!!! Ons mik punt vir 2025 is om weer onder die top 10 klubs op die Impala lys te eindig.**

| Naam | BETHEL |
|---|---|
| Neels Beyers | 1 |
| Mike Barkhuysen | 1 |
| Phillip de Lange | 3 |
| Louise de Lange | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| Christo Giliomee | 1 Meriete | 14 |
| Niel Goslett | | 4 |
| Quintus Heine | | 6 |
| Theo Potgieter | 1 Meriete | 6 |
| Juliane van Dyk | 1 Meriete | 8 |
| Adriaan v Zyl | 1 Meriete | 6 |
| Karen v Zyl | 1 Meriete | 3 |
| Mariana Visser | | 3 |
| Arnold van Dyk | | 6 |
| Sonja Myburgh | | 9 |

**2.2 Honours**: Baie geluk aan Christo Giliomee wat sy EPSSA (CLS) verwerf het. Hy het 750 aanvaardings in een kategorie behaal. Voorwaar 'n uitstekende prestasie, dit getuig van harde werk en deursettingsvermoë.

## 3. PROGRAM 2025

Die program vir 2025 se kompetisies, – en die vaardigheids aande is op ons webtuiste aangebring. Druk dit gerus uit en beplan voortydig vir kompetisie aande. Uitstappie datums wissel meer maar voorlopige program ook beskikbaar. [www.tafklub.co.za](www.tafklub.co.za)

**Opmerkings oor Jaarbeplanning:**

- Daar sal weer 3 maande wees wat ons nie by Logos bymekaarkom (Jun. Jul. en Aug.) Dan sal daar slegs Zoom wees. Die res word by Logos (lewend en op Zoom) aangebied (Hibried)
- Die Fotografie weg naweek is by Utopia (25-27 Julie 2025 ) – Dis sowat 10km (goeie grondpad) buite Swellendam op Bonnievale pad. So 200km uit Bellville – lees verdere besonderhede onder aan nuusbrief. Daar is wonderlike fotografie-geleenthede in die omgewing.
- Uitstappies en Vaardigheidsaande beloof om weer uit die boonste rakke te wees.

## 4. FEBRUARIE 2025: BYEENKOMS

**4.1 Kompetisie Februarie:**

- Die maand se klubkompetisie is **18 Februarie** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **12 Februarie.** Die byeenkoms is by Logos en sal ook geZoom word.
  **Tema: STRAATFOTOGRAFIE en TOER : Volg PSSA se definisie met die volgende voorwaarde: Fotos moet eg Suid Afrikaans wees.** Die beoordelaar is Fransonette Swart.

4.2 **Vaardigheid. 4 Februarie : Triptiek en Mono .** By die geleentheid gaan PETER Brand met die klub gesels oor triptiek en hoe om dit effektief te doen. n Triptiek is 'n kunswerk wat uit drie fotos bestaan wat verwant is. Mono of kleur. Die kompetisie hiervan in in Maart.

4.3 **Februarie 15de Saterdag** oggend vroeg, uitstappie na Wijnland motor museum. Mono, triptiek teksture en makro geleentheid. Wees kreatief.

## 5. LEDEGELD 2025:

Ledegeld vir die jaar is baie bekostigbaar en ons is bly ons kon dit so laag hou.
Die ledegeld vir 2025 is **R475 per jaar** per persoon. **Betaal asb so gou as moontlik.**
Vir nuwe lede wat aansluit is daar eenmalige R50 p/persoon registrasiegeld by
Dit moet voor einde Januarie 2025 in die klub se rekening inbetaal word.

**Die bankbesonderhede is:**
**ABSA**
**Tafelberg Fotografieklub**
**Spaar Rek no. 9149 8658 21**
**Verwysing: Naam, van en ledegeld**

- Indien daar enige persoon is wie se omstandighede moeilik is of dit graag wil afbetaal, praat asb. met die voorsitter – Juliane daaroor.

## 6. KLUB NAWEEK UITSTAPPIE 25-27 JULIE 2025

Hierdie jaar se Uitstappie is gebaseer op verlede jaar se baie suksesvolle uitstappie na Lambertsbaai waar beide kamp geriewe en huisies beskikbaar was.
Ons gaan na Utopia toe, wat sowat 10 km buite Swellendam, op die Bonnievale pad gelee is. Die doelwit is om die Canola en winter onweer op sy beste te vang.
Hier is Utopia se Facebook blad waar julle kan sien hoe dit daar lyk.
https://www.facebook.com/profile.php?id=100047724648171
Moet nie bekommer oor te veel nat reën nie. 'n Groot aantrekkingskrag is die ruim lapa waar ons almal onder dak rondom 'n gesellige vuur kan saam kuier. En dan is daar ook 'n verdere groot onder dak area langs die lapa. Ons het eksklusiewe gebruik hiervan vir die naweek.
Die plaas en omgewing het ook pragtige landskappe en die Canola behoort in volle blom te wees.

**Akkommodasie :**
Ons het al die self sorg eenhede vir die naweek geboek plus soveel kamp plekke as wat ons mag benodig.
**Die volgende selfsorg eenhede is beskikbaar :**
**1)** Damhuisie :
2 kamers met dubbel beddens elk en 1 gesamentlik badkamer
@ R 1500 / kamer vir die naweek.

**2)** Kleinhuisie :
2 kamers met dubbel beddens en en suite badkamer elk & 2 enkelbeddens in leefarea
@ R 1500 / dubbel kamer vir die naweek en
@ R 600 / enkel bed vir die naweek.

**3)** Plaashuis :
3 kamers met dubbel beddens en en suite badkamers
1 kamer met dubbel bed en aparte stort en aparte toilet @ R1500 / dubbel kamer vir die naweek en

**4)** Woonstel :
3 enkelbeddens.
Dit is oopplan ( bachelors) maar volledig toegerus met 'n badkamer en kombuis.
@ R 600 / enkel bed vir die naweek.
Daar is ook baie lekker **kamp plekke** beskikbaar met elektristeit en 5 ster ablusie.
@ R 290 pp vir die naweek.

**Bring saam :**
Bring asb julle eie eetgery & kampstoele vir gebruik in die lapa. Die huise se kombuis toerusting, breekware, glase ens. mag nie uit die huise geneem word nie,
Die klub dek die koste vir die huur van die lapa & 10 bondels hout.
Bring gerus nog hout saam as julle dink dis nie genoeg nie.
**Besprekings en T's & C's.**
Die selfsorg huisies is beperk .

*Ons beveel dus aan dat julle die selfsorg eenhede so spoedig moontlik bespreek om teleurstelling te voorkom en te verseker dat julle groep bymekaar is.*

Bespreking vir kampering is minder dringend omdat ons nie die hele kamp plek sal kan opneem nie.
**Beprekings word deur Martie Taljaard hanteer, Kontak haar by Whatsapp +27 82 334 1657.**
Ons wil graag die admin sover moontlik beperk.
Geen voorlopige besprekings sal aanvaar word nie . Daarom sal besprekings eers bevestig word wanneer volle betaling (in die klub rekening) gemaak is. Verwysings : *Jou & van - Utopia* . Stuur asb die POP aan Martie.
Daar sal ook geen terug betalings wees vir kanselasies nie – kry gerus 'n ander klublid om in julle plek te gaan.

Die sluitingsdatum vir alle besprekings is **1 Julie 2025.**
Kontak gerus vir Theo Potgieter as julle enige navrae het.

## 7. STRAATFOTOGRAFIE:

Lees gerus op voordat jy die genre betree. Persone mag nie poseer nie maw moet spontane oomblik vasvang wat 'n treffende storie vertel - die persoon is onbewus van die foto. Kan wel na die tyd toestemming vra en persoon bedank. Die fotograaf kan wetlik aanspreeklik gehou word indien kinders sonder ouerlike toestemming afgeneem word. Geen manipulasie word toegelaat nie.

Indien persoon geposeer het, gebruik dan in ope kategorie.

## 8. LAASTENS

Dis 'n voorreg om aan so 'n lewendige en gasvrye klub te behoort. Baie dankie vir elkeen se omgee bydrae sodat ons saam ons passie vir fotografie as kuns kan uitleef! Kom ons maak saam 2025 'n besondere jaar!

Vriendelike Groete

Juliane